higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2

(11020282)

13 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Vaste koste van watervervoer is heelwat laer as spoor- en padkoste.

1.2 Taxivervoer, vinnige busvervoer (VBV) en openbare busse is belangrik om die omgewingsimpak wat vervoer het, te verminder.

1.3 Vervoer en handel versterk mekaar se prestasie.

1.4 Die verhouding tussen prys en aanvraag beteken dat wanneer vraag laag is, die prys hoog sal wees.

1.5 Vervoer dra baie min by tot 'n land se BBP.

1.6 Ons land se informele mark word geraak deur die feit dat die meeste van Suid-Afrika se vervoerbedrywighede in Gauteng voorkom.

1.7 THT (Transnet-haweterminale) is een van die afdelings wat onder SARS val.

1.8 Historiese knelpunte en voortdurende onderinvestering in vervoer is een van die uitdagings waarvoor Suid-Afrika in die voorsiening van landelike vervoer te staan kom.

1.9 Maatskaplike isolasie kan dikwels armoede veroorsaak en persoonlike ontwikkeling voorkom.

1.10 Die hoë vervoerheffing is ingestel om motoriste aan te moedig om openbare vervoer te gebruik.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die regering is verantwoordelik vir die instandhouding van …	A	verskaffersvermoë
2.2	Die reëlingskomitee beheer die infrastruktuur en prysbepaling van hierdie vervoermiddel	B	minibustaxi
2.3	SAPO hanteer 50% van al die gewone vrag van hierdie vervoermiddel	C	ontwikkelde land
2.4	Bied beide lang- en kortafstanddienste	D	koopkrag
2.5	Bestaan uit motor-, klere- en skoeisel-, landbou- en chemiese bedryf	E	vervaardigingsektor
2.6	Kan pryse maklik afforseer	F	onderontwikkelde land
2.7	Kan pryse maklik die hoogte in forseer	G	vervoerinfrastruktuur
2.8	Meer afhanklik van vervaardiging as landbou	H	lugvervoer
2.9	Onstabiele politieke toestande	I	watervervoer
2.10	Het die planne van die witskrif oor Provinsiale Vervoerbeleid van 1996 geïmplementeer	J	Nasionale Departement van Vervoer

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Definieer die volgende terme:

3.1 Vervoermark

3.2 Aanbod

3.3 Porter se vyfkragte-model

3.4 Handelstekort

3.5 Tweevlakkige model

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

OMGEWINGSGROEP EIS DRINGENDE PARLEMENTÊRE DEBAT OOR KLIMAATSVERANDERINGSVERSLAG

Die Co-operative and Policy Alternative Centre (COPAC) en bondgenote, die South African Food Sovereignty Campaign, het 'n noodsitting van die parlement geëis om 'n verslag oor klimaatsverandering van die Verenigde Nasies (VN) te bespreek.

Die eis kom nadat die VN se Interregeringspaneel oor Klimaatsverandering (IPCC) Maandag 'n verslag vrygestel het wat lui dat omdat die aarde se temperatuur met slegs 1,5 °C styg, eerder as die 2 °C-teiken, waaroor in 2015 ooreengekom is, dit duidelike voordele vir mense en natuurlike ekosisteme sal inou.

COPAC en die Food Sovereignty Campaign wil hê dat die parlement hierdie verslag en die implikasies daarvan vir die Suid-Afrikaanse beleid oor klimaatsverandering moet bespreek.

Die raadsvoorsitter van COPAC Vishwas Satgar het Dinsdag in 'n ope brief gesê dat daar 'n 'algehele verontagsaming is vir die ongelyke impak op die droogte, as 'n klimaatskok, op werkloses, die werkersklas en landelike armes'.

[Bron: *www.google/images.co.za*]

4.1 Noem TWEE faktore wat die groei van vervoer in 'n ontwikkelende land kan beperk. (2 × 2) (4)

4.2 Gee VIER kenmerke van algemene vragvervoer. (4 × 2) (8)

4.3 Daar word dikwels bespreek dat vervoer een van die grootste bydraers van besoedeling en klimaatsverandering is.

Noem VIER van die negatiewe eksterne kostenadele (eksternaliteite) wat besoedeling op ons omgewing kan hê. (4)

4.4 Som kortliks DRIE maniere op waarop vervoerbedrywighede en vervoer-beplanning, ekonomiese ontwikkeling van 'n land raak. (3 × 2) (6)

4.5 Noem DRIE eksterne faktore wat die prys van vervoer kan beïnvloed. (3)

[25]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE bekende motorhuurmaatskappye in Suid-Afrika. (3)

5.2 Noem VIER faktore wat die vervoeromgewing beïnvloed. (4)

5.3 Gee VYF faktore waarop vervoermaatskappye moet konsentreer om op wêreldgebied mee te ding. (5)

5.4 Wei uit oor die volgende TWEE buigsame aspekte van vervoer in 'n veranderende ekonomie:

5.4.1 Kostedoeltreffendheid van nuwe mobiliteitsdienste

5.4.2 Die behoefte aan meersoortige vervoer

(2 × 3) (6)

5.5 Noem VIER klagtes wat ingedien word weens negatiewe mededingende bedrywighede. (4)

[22]

VRAAG 6

Vervoer speel 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling van ons land, en dus ook in die welsyn van al die burgers. Meer bepaald, daar word erken dat 'n vervoerstelsel van hoë gehalte 'n noodsaaklike voorvereiste is vir die volle deelname van lede van verafgeleë gemeenskappe.

[Bron: *Transport economics learners book 2015*]

6.1 Noem TWEE redes vir die nie-ekonomiese rolle van vervoer. (2 × 2) (4)

6.2 Noem DRIE belangrike historiese nalatenskappe van apartheid. (3)

6.3 Noem TWEE doelwitte van die Gautrein-projek. (2 × 2) (4)

6.4 Noem TWEE maniere van staatsingryping in die landelike vervoersektor. (2 × 2) (4)

6.5 Gee TWEE stukke wetgewing wat die vervoerbedryf reël. (2)

6.6 Bespreek die volgende direkte uitwerking van doeltreffende vervoer op produksie in besonderhede:

6.6.1 Verlaging van produksiekoste

6.6.2 Toenemende belegging (investering)

(2 × 3) (6)

[23]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou